- McDonald, Peter.** [A]. “The literature police: apartheid censorship and its cultural aftermath”. www.theliteraturepolice.com/biographies/ Besoek: 12.08.2009.
- Millin, S.G.** 1986 [1924]. *God’s Stepchildren*. Johannesburg, Ad Donker.
- Millin, S.G.** 1926. *The South Africans*. London, Constable & Co.
- Muller, C.F.J.** 1990. *Sonop in die Suide. Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915–1948*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Petersen, S.V.** 1944. *Die enkeling*. Port Elizabeth, Kaapstad: Unie-Volkspers Bpk.
- Petersen, S.V.** 1946. *As die son ondergaan*. Port Elizabeth, Kaapstad: Unie-Volkspers Bpk.
- Petersen, S.V.** [1946?]. “Lewensbesonderhede” (manuskrip). Bloemfontein: NALN.
- Petersen, S.V.** 1948. *Die stil kind (en ander verse)*. Kaapstad: Maskew Miller.
- Petersen, S.V.** 1952. “Agter die grenslyn”. Dok 118. Z. Pr. P. (Ongepubliseerd). D. J. Opperman-argief, J.S. Gericke biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.
- Petersen, S.V.** [1956?]. “Afrikaans – Language of my emotions”. *S.A. Panorama*, 85–86.
- Petersen, S.V.** 1957. “Nocturne”. *TEPA Educational News*. November-Desember, 58.

- Petersen, S.V.** 1960. *Die kinders van Kain*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel, Bpk.
- Petersen, S.V.** 1965. *Suiderkruis*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, Bpk.
- Petersen, S.V.** 1979. *Alleenstryd. 'n Keur uit sy verse*. Kaapstad: Tafelberg.
- Petersen, S.V.** 1980 [1962]. *Meditations on the Brink*. Rondebosch: [Eie publikasie].
- Petersen, S.V.** 1980. *Nag is verby*. Kaapstad: Tafelberg.
- Petersen, S.V.** 1985. *Laat kom dan die wind*. Kaapstad, Johannesburg: Perskor.
- Petersen, S.T.** 2010. My father, the headmaster, S.V. Petersen. (Ongepubliseerd) S.V. Petersen-simposium, Universiteit van Wes-Kaapland, 5 November 2010.
- Rademeyer, J. H.** 1938. *Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en die Rehoboth-Basters*, Swets & Zeitlinger: Amsterdam.
- Raman, F.** 1940. Die Kleurling en Afrikaans. *The Sun*, 20 September: 3.
- Somm, Franklin.** 1987. *Rapport*, 17(45): 6; 08 November, 6.
- Steyn, J.C.** 1980. *Tuiste in eie taal; Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C.** 1998. *Van Wýk Louw. 'n Lewensverhaal* (2 dele). Kaapstad: Tafelberg.
- Swanepoel, Chris.** 1989. *Kind van die Dal*. Johannesburg: SAUK. (NALN 3017/95/28).
- Van der Ross, Dick (R.E.)**. 1987. Ons groet 'n vrind. Hy het Enkeling gebly. *Rapport*, 01.11.1987: 1.
- Van Wyk, Steward.** 1997. “ons is nie halfnaaitjies nie / ons is Kaaps”. Die wroeging met identiteit by enkele swart Afrikaanse skrywers. *Literator*, 18(2): 85–94.
- Van Wyk, Steward.** 2008 [A]. S.V. Petersen se tydskrifverhale. *Litnet-Akademies* 5(1): 43–57. www.oulitnet.co.za/newlitnet/pdf/la/LA_5_1_vanwyk.pdf Besoek: 12.08.2009.
- Vermaak, J.B.** 1987. Dit is soos 'n halsnoer wat jy inryg. *Prisma*, 2(8): 4-7.
- Willemse, Hein.** 1984. “Die wrange klag, die satire en opstandigheid van die Kleurling”: Towards a critical reconstruction of the intellectual history of Black Afrikaans poets. Ongepubliseerde voordrag gelewer tydens die *Economic and development and racial domination-konferensie*, Universiteit van Wes-Kaapland (Bellville), 8–10 Oktober 1984.
- Willemse, Hein.** 2007. *Aan die ander kant. Swart Afrikaanse skrywers in die Afrikaanse letterkunde*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Willemse, Hein.** 2008. Insularity and ambivalence: The case of the South African poet P. J. Philander's epic poem, *Zimbabwe*. *Research in African Literatures*, 39(1): 125–48.
- Willemse, Hein.** 2010. S.V. Petersen in dialoog met sy intellektuele en sosiale omgewing”. *Tydskrif vir Letterkunde*, 47(2): 31–47.

Note

1. Hierdie artikel is 'n hersiene weergawe van 'n voordrag gelewer op uitnodiging tydens die S.V. Petersen-simposium aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands. Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 5 November 2010. My dank aan die organiseerders vir hul gul ontvangs en puik reëlings,

en die anonieme keurders vir hul kritiese insigte.

2. Ten opsigte van sosiale verhoudings in Suid-Afrika is etniese terminologie ingebed sodat besprekings daarsonder moeilik is, daarom word hier, waar ter sake, begrippe soos “Afrikaner”, “bruin”, “gekleurd”, “Kleurling”, “nie-wit”, “swart” en “wit” sonder bevooroordeelende intensie gebruik. Voorts is van die terminologie wat ter illustrasie aangehaal word vandag kwetsend.
3. Petersen se gebruik van naamwoord “Afrikaner” behoort toegelig te word. Hierdie naamwoord was naas sy aanvanklike betekenis van “’n persoon gebore in Afrika” ook vir ’n groot deel van die 19de en 20ste eeu beskrywend van *alle* Afrikaanssprekendes. Afrikaanssprekendes van Suidoos-Asiatiese afkoms is byvoorbeeld as “Afferkaners” benoem (kyk Davids, 2011: 139), terwyl uit persoonlike ondervinding “Afrikaner” in verskillende dele van Suid-Afrika in verwysing na swart Afrikaanssprekendes nie onbekend is nie. In Namibië kom die benaming “Afrikaner” met verwysing na die |Hóá-|aran, dit is die nasate van Jonker en Jager Afrikaner, voor. Die begripsverenging van “Afrikaner” in Suid-Afrika in verwysing na uitsluitlik wit Afrikaanssprekendes is ’n redelik onlangse ontwikkeling. Petersen se aanwending van die woord blyk iets van die oorkoepelende taalkulturele betekenis van die konsep – Afrikaanssprekendheid as sodanig – te omvat, alhoewel die enger etniese betekenis veral met sy verdere kwalifisering, “rasgenoot”, duidelik vooropstaan.
4. In die Afrikaanse literatuur, die media en algemene sosiale opvattinge is gekleurde mense op grond van 18de en 19de-eeuse raswetenskap dikwels as moreel en sosiaal verdag voorgestel en sou hulle in destydse stereotipe fisologies, linguïsties of intellektueel te kort skiet (kyk Gerwel, 1983; McDonald, 1933; Millin, 1924, 1926; Rademeyer, 1938).
5. J.C. Steyn (1998: 523) verwys in alle waarskynlikheid na hierdie artikel wat op versoek van die *Standpunte*-redaksie geskryf is oor die houding van die “kleurlingdigter” tot sy eie en die wit gemeenskap. Dit is egter nie geplaas nie. My dank aan Wium van Zyl en Steward van Wyk vir die beskikbaarstelling van die dokument.

Op die taalspore van S.V. Petersen: ’n blik op sy verrekening van taaldiversiteit¹

Frank Hendricks

This contribution focuses on the literary reflection of the varietal diversity of Afrikaans in the prose of the Afrikaans author, Sydney Vernon Petersen. Petersen’s prosaic texts, published in the early 1940’s, serves as data basis. His utilization of varieties, especially of Kaaps, is evaluated against the background of particular guidelines for the literary integration of language variation. It is argued that, alongside authors such as Adam Small and Peter Snyders, Petersen should be credited for his pioneering work regarding the usage of Kaaps as literary medium.

1. Inleiding

Sydney Vernon Petersen (1914 – 1987) verskyn op die Suid-Afrikaanse letterkundige toneel in die vroeë 1940’s, en wel as Afrikaanse digter, maar ook as Afrikaanse prosaïst. In hierdie periode bevind hy hom in Kaapstad waar hy volgens aanduidings as bruin intellektueel en as lid van die bruin elite onder druk was om Engels as skryfmedium te gebruik (Willemse, 2010: 40-41). Tog het sy keuse op Afrikaans geval in weerwil daarvan dat ’n meningsvormer soos dr. Abdullah Abdurahman van die destydse African People’s Organisation (APO) Engels bo Afrikaans as skryftaal gepropageer het. Abdurahman het geargumenteer dat Engels die voertuig vir progressiewe denke en Afrikaans (oftewel “Cape Dutch”, soos hy dit genoem het) die beliggaming van ou-wêreldse stagnasie sou wees (Van der Ross 1990: 40-41; Willemse, 2010: 40).

Petersen se toentertydse keuse vir Afrikaans as skryfmedium was myns insiens geen verrassing nie. Die vroeë veertigerjare moes immers die belofte ingehou het vir ’n suksesvolle skryfloopbaan in Afrikaans, want Afrikaans sou met die aan-bewind-kom van die Nasionale Party in 1948 een van die pilare word waarop die nuwe sosiale orde gestut sou word. In sodanige sosio-politieke klimaat sou die keuse vir Afrikaans as skryfmedium ’n logiese gegewe wees vir die talentvolle Petersen wie se agtergrond Afrikaans was en wie se laerskoolonderrig op die platteland deur die medium van sy moedertaal geskied het.

Hierdie bydrae vind aansluiting by Petersen se besluit om in Afrikááns te skryf. Ek besin oor *hoé* hy in Afrikaans geskryf het – met spesifieke fokus op sy próstatekste wat in die vroeë 1940’s gepubliseer is. Ek ag hierdie prosatekste ondersoekwaardig, al het Petersen self later in sy lewe nie ’n hoë premie op die skep van prosa geplaas nie.²

Die prosakorpus wat ter besinning aangesny word, omsluit Petersen se bekroonde roman van 1945 *As die son ondergaan* en sy kortkunsstekste³ wat in die tydskrif *Naweek* verskyn het (kyk Bibliografie, Primêre bronne: tekste van S.V. Petersen). Hierdie tydskriftekste wat deur Hans Ester (2000:104) getipeer word as “korte verhalens en verhalende sketsens” en deur Steward van Wyk (2008:47) as “kortverhale en sketse”, is vir my ten opsigte van funksionele toonaard in essensie narratief-fiktiewe weergawes

van selfbeleeftde ervaringe, en wel op grond van die outobiografiese besonderhede van Petersen wat daarin vervat is. As sodanig is die tekste 'n sleutel, 'n poort tot die taalsituasie van die veertigerjare en spesifiek ook tot Petersen se toentertydse belewenis en interpretasie van die diversiteit van Afrikaans.

Ek sluit aan by die hedendaagse letterkundige gebruik om Petersen as Swart Afrikaanse Skrywer te tipeer⁴ – 'n toegedigte status wat hy deel met vroeëre eksponente soos P.J. Philander, Adam Small en Peter Snyders en lateres soos Melvin Whitebooi, Patrick Petersen, Hein Willemse, Lindsay King, Heindrich Wyngaard, Elias P. Nel, Willem Fransman (junior), Leonard Koza, Karel Willemse, Kirby van der Merwe, S.P. Benjamin, Karel Benjamin, Patrick W. Davids, EKM Dido, Diana Ferrus, Zufah Otto Sallies en Florence Ann Filton.

My aanpak is taalkundig, en wel vanuit die perspektief van die Variasietaalkunde – 'n dissipline wat fokus op taalvariëteite en -variante as merkers van taalheterogeniteit (Du Plessis, 1987:1-33). Vanuit hierdie perspektief benader ek die letterkundeteks as taaltekst, as konglomeraat van verwerklikte taagebruiksopsies én werp ek lig op Petersen se verrekening van die diversiteit van Afrikaans in sy prosatekste met besondere fokus op sy integrasie van Kaaps, daardie Kaapstad-gebonde kernvariëteit van Suidwestelike Afrikaans⁵ wat histories te herlei is tot die 17de-eeuse verafrikaansing van Nederlands onder Oosterse invloed en wat - tesame met bepaalde subvariëteite van Oranjerivierafrikaans Swart Afrikaans en Flaaitaal⁶, - tradisioneel met mense van kleur geassosieer word.

Ek beoordeel Petersen se verrekening van taalvariasie in sy prosatekste aan die hand bepaalde riglyne wat ek ontwikkel het as antwoord op my soeke na 'n verstaansgrond en/of beoordelingsraamwerk vir die beduidende aantal letterkundige publikasies van die afgelope tyd waarin die niestandaardvariëteite van Afrikaans in die brandpunt staan.⁷

2. Riglyne vir die verrekening van taaldiversiteit in letterkundige tekste

2.1 Riglyn insake die seleksie van variëteite vir teksintegrasie

Afrikaanse skrywers het tot taak om hulle naas die ontginning van tematiese aspekte ook te verantwoord t.o.v. 'n funksionele aanwending van Afrikaanse variëteite. Mens sou in hierdie verband soos volg wil redeneer: as slegs die tematiese vir die Afrikaanse skrywer 'n saak van prioriteit sou wees – en nie ook die gebruik van Afrikaans as literêre medium nie -, dan sou hy/sy net sowel in Engels of in 'n ander taal kon skryf.

Die volle spektrum van Afrikaanse variëteite is tot beskikking van Afrikaanse skrywers vir gebruik as literêre medium – van die Standaardvariëteit⁸ tot omgangsvariëteite⁹ en registervariëteite¹⁰. Vanuit die perspektief van die Variasietaalkunde is al hierdie variëteite geldige kommunikasiekodes en prinsipieel gelykwaardig.¹¹ 'n Verantwoording ten opsigte van variëteite soos Kaaps¹², die subvariëteite van Oranjerivierafrikaans¹³, Swart Afrikaans¹⁴ en Flaaitaal¹⁵ sou uitgewys kon word as die besondere verantwoordelikheid

van Swart Afrikaanse Skrywers, maar ook van wit skrywers wat beskik oor 'n ervaringskennis van hierdie variëteite.

2.2 Riglyn insake die verskillende wyses van variëteitsintegrasië

Variëteite kan in verhale/stories geïntegreer word onder meer as vertelkode (d.i. die kode waarin die verteller die storie vertel) of as sitaatkode (d.i. die kode(s) waarin tekspersonasies deur die verteller aan die woord gestel word). Die vertelkode is uit 'n kommunikatiewe oogpunt essensieel hiërargies hoër as die sitaatkode; derhalwe kan die fiksionele gebruik van niestandaardvariëteite soos Kaaps en Oranjerivierafrikaans as vertelkodes die status van hierdie variëteite as volwaardige kommunikasiekodes implisiet bevestig. Voorts: die aanwending in prosatekste van niestandaardvariëteite as vertelkodes en die veelvuldige gebruik daarvan as sitaatkodes sou gesien kon word as meganismes om aan gemarginaliseerde stem te gee.

2.3 Riglyn insake die integrasië van taalgebruiksaspekte kenmerkend van niestandaardvariëteite wat as vertel- en sitaatkodes ingespan word

Vanuit die hoek van die Variasietaalkunde behoort die geïntegreerde taalitems outentiek, werklikheidsgetrou te wees, en wel in so 'n mate dat dit onder meer deur linguïste en leksikograwe as illustrasiemateriaal benut kan word.¹⁶ Vir letterkundige beoordeling sou die skep van 'n illusie van linguïstiese outentisiteit dalk genoeg wees. Variasietaalkundig is linguïstiese presisie egter 'n grondvereiste. So gesien, vervul die skrywer implisiet die rol van betroubare dokumenteerder van taaldata en word die prosatekste 'n opvangnet vir reële taalgebruik.

2.4 Riglyn insake die appèl tot die handhawing van sosiolinguïstiese beginsels

Die invleg van taalverskeidenheid in prosatekste behoort te geskied ooreenkomstig sosiolinguïstiese beginsels soos idiolektiese konsekwentheid en idiolektiese ooreenstemming. Eersgenoemde beginsel hou in dat 'n bepaalde persoonlike elke keer op 'n kenmerkende manier aan die woord gestel word, terwyl laasgenoemde beginsel vereis dat die idiolekte van personasies wat as sprekers van dieselfde dialek/variëteit voorgelê word, fonologies, leksikaal en grammaties sterk ooreenkomste behoort te vertoon. Ander algemeen-empiriese sosiolinguïstiese beginsels waarmee rekening gehou behoort te word, is die volgende:

- Persone uit die hoër en middelklas beheers die standaardvariëteit beter as mense uit die werkersklas.
- Hooggeskoolde persone beheers die standaardvariëteit beter as laaggeskooldes en ongeletterdes.

- Formele situasies kondisioneer formele styl; informele situasies kondisioneer informele styl.

Vervolgens word daar teen die agtergrond van hierdie riglyne eers ingegaan op die aard en wyse van variëteitsintegrasië in Petersen se prosakorpus en daarna op die potensieël belang van Petersen se manier van doen.

3. Die aard en wyse van variëteitsintegrasië in die prosa van S.V. Petersen

Die variëteite wat in die prosakorpus van S.V. Petersen prominensie geniet as deel van die epiëse aanbod, is Standaardafrikaans en Kaaps.

3.1 Die benutting van Standaardafrikaans

Standaardafrikaans, meer bepaald informele Standaardafrikaans¹⁷, word aangewend as vertélkode in sowel *As die son ondergaan* as die tydskrifkorpus. Hiermee het Petersen ingeval by 'n Afrikaanseskrywerskonvensie wat tot vandag toe van krag is.

Die verteller in die gekose korpus tydskriftekste blyk dieselfde persoon te wees. In samehang met die outobiografiese gegewens wat in die tekste vervat is, blyk hierdie verteller 'n projeksie of fiksiekorrelaat van Petersen self te wees. In “Klaas Danster”, byvoorbeeld, verplaas die verteller hom terug in sy kinderjare op 'n plattelandse dorp waar sy vader 'n tuimaker was, terwyl die verteller in “Rotjies” as 'n Kaapstadse onderwyser terugkyk op “die tydperk van (sy) verblyf in Ladismith as jeugdige onderwyser”. Hierdie tekstuele gegewens rym met die outobiografiese feitlikhede dat Petersen se vader Sydney 'n tuimaker oftewel saalmaker op Riversdal was (Ester, 2000: 103; Lake, 1962; Willemse, 2010: 31) en dat hy sy onderwysloopbaan in 1934 op Ladysmith in die Klein-Karoo afgeskop het (Van Wyk, 2008: 43; Willemse, 2010: 31).

Hierdie verteller gebruik Standaardafrikaans, behalwe in gevalle waar hy niestandaardsprekers se taalgebruik bewustelik namaak. “In die hart van die stad”, byvoorbeeld, gebruik hy teenoor die Kaapssprekende karakter Israel die uitinge “*Hau mats?*” en “*Ounlie ghot toe-en-sieks*”. Die verteller openbaar 'n pro-Afrikaansgesindheid, soos onder meer blyk uit die feit dat hy in die vertelling “In die hart van die stad” twee verbygangers se Engelse vraaguitings (“*Where you off to?*” en “*Hallo! (...) how's it?*”) op Afrikaans antwoord (“*Nee, ek loop sommer*” en “*Nee, dit gaan goed!*”) én die gebruik van Engels, as sodanig, afkraak as “*Engelspraterij (...) op 'n mens se nugter maag*”. Ook openbaar die verteller 'n skerp taalbewussyn deurdat hy die taalgebruik van sommige karakters tipeer. In die skets “Rotjies” tipeer hy die idiolek van die karakter Rotjies ('n boorling van Ladismith wat tweedehandse motors op die Kaapse Parade verkoop en so graag “Kaapse Taal” wou praat) as “'n soort mengsel van Engels en verdraaide Afrikaans”. In die skets “Bandeloos” word die “woorde” van 'n singende kaalvoetklonkie wat smous, deur die verteller beskryf as “'n soort verdraaide Engels”. In “In die hart van die stad” tipeer

hy sy laerskoolonderwyseres op Riversdal se onderwyskode as “’n soort verhollandsde Afrikaans, of ’n verafrikaanste Hollands”.

3.2 *Petersen se inkorporering van Kaaps*

Petersen ondervang Kaaps in sy roman *As die son ondergaan* en in enkele tekste in die tydskrifkorpus waaronder “Rotjies”, “In die hart van die stad”, “Na sewe jaar”, “Bandeloos” en “Op Nuweland”. In hierdie tekste uit die korpus word Kaaps slegs as sitaatkode aangewend. Met die uitsondering van die losiesvrou “Missus Lyners” in *As die son ondergaan* met haar nagenoeg middelklasleefstyl, is dit hoofsaaklik werkersklaspersonasies wat in Kaaps aan die woord gestel word. Hulle is onder meer koerant- en blommeverkopers (soos in “In die hart van die stad”), smouse (soos in “Bandeloos”), toeskouers by ’n sportbyeenkoms (soos in “Op Nuweland”), ’n plattelander wat taalmatig verkaaps het (soos in “Rotjies”), asook passasiers op ’n trein (soos in *As die son ondergaan*).

Petersen gebruik verskillende tegnieke om tekstuele prominensie aan Kaaps te verleen.

- Eerstens skep hy dialogiese situasies waarin ’n gesprek uitsluitlik in Kaaps geskied, soos die geval van die gesprek tussen twee Moslem-personasies, Kassiem en Salie, in *As die son ondergaan*.
- Tweedens skep hy dialoogsituasies waarin sprekers van Kaaps gekonfronteer word met sprekers van Standaardafrikaans. In *As die son ondergaan* is die Moslem-personasie Kassiem in gesprek met ’n wit kondukteur. Salie praat konsekwent Kaaps, en die kondukteur konsekwent Standaardafrikaans. In die skets “Bandeloos” ruil die verteller en ’n smouspersonasie wat in ’n “sambalbroek” geklee is, uitings uit. Die verteller praat Standaardafrikaans en die smous praat Kaaps. Op hierdie wyse word Kaaps se andersheid geaksentueer en word Kaaps op grond van die geslaagde kommunikasie implisiet as verstaanbare taalkode voorgehou.
- ’n Derde blootstellingsmeganisme is die inbedding van relatief kort monoloë in Kaaps. In die skets “In die hart van die stad”, byvoorbeeld, word die inbedding van die monoloë van twee blommeverkopers ingelei met die uiting: “Laat hulle self praat”:
 - “Wel – hoe s’l ‘k nou sê – ons het oek maa’ onse aps-en-douns; net soes elke-iene: vandag is die blomme baieng skaa’s, môre kry d’jy wee’ glad te veel. Samtaaims, soes nou met die oo’logtyd, het die mense baieng geld. Bisnis is ghoet! Nou komplyns. Ennie-hau – as die slegte tye kom, sal ons maa’ tevriede moet wies. Die son skyn nie elke dag nie ...”
 - “Dount joe warrie, Mister; dount joe warrie! Ons is nie mense wat dronknes hou nie. Nie ons nie. Nee-nee – onse geld is in die pous-offies, ou-jis! Lawlie waailits, Lydie – siekspins-e-bans. Siekspins-e-bans. Ounlie siekspins!”

3.3 *Petersen se verrekening van die linguistiese karakter van Kaaps*¹⁸

Petersen pas die ortografie aan om gesproke Kaaps weer te gee. Soos blyk uit die teksfragmente by 3.3.1, doen hierdie fonetiese weergawe van Kaaps outentiek aan:

3.3.1

a. Uitinge van Rotjies in die tydskrifteks “Rotjies”

- *Nei, (...) Hulle's nou-ghoed: ek het 'n kapple taaims gaan kôl by 'n ghilie daa' in 'ie Kappieniestraat, en maaind-joe? As ek so by sieks-e-klok daa' kom, en dis net sappe-taaim ... dan moet ek binne sit in 'ie daainieng-roem, sy bring vi' my 'n kappe tie, en in 'ie mien-taaim sit al die ander in die kietsjin, en hulle iet hulle trommeldik ... fênsie!*
- *Aag wat, daai's nog niks, kom kyk hoe speel ons ka-re in 'ie Kaap!*
- *Nou-nou Mieste', 'n man kan nie vandag so maklik aan trou dink nie; biekô's-waai, dis mos wô-taaim, en al die goed in die winkels is so ekspensis.*
- *Nou-nou Mieste', ek wil 'ie ansain nie. Die ghawwement sal my vat as ek opjôin, maa' hy wil nie hê ek moet skiet nie; dis nie vê nie, Mieste', nie vê nie. Ek sê, aam de kal-let mên, ewwerietaaim. Aafte' ôl, wat nodig is, is mênpaue' ... ies'nt iet sou?*

b. Uitinge van Kassiem in die roman *As die son ondergaan*

- *Nêi, Salie man, aafterol! Daa's dan 'n blienkieng djoems in die kompaatmint! Is daa' nie somwê-els plek nie?*
- *Bat iewen sou, - onse siets is oek geboek! Bat ons kan nie met 'n djoems same trewwel nie! Noufeer! Loep haal die kondokte', salie. Loop haal die kondokte' ... Hy moet ons plek gie. Waa' kan 'n man dan soé ...*
- *Djy wiet, Salie, 'n mens moenie soema die bloemieng boere hulle wy gie nie. Kyk, hulle't 'n spesjil seksjin van die trein vi' wittes ... en een ou lousie kerriets vi' die sou-kôld 'Nan-jorripiens' – wel! Ai-mien-toe-sy! 'Nan-jorripiens' betieken simplie ewwerie Diek-Tom-en Herrie wat nie wit is nie. En 'n man moet gesettisfaid wies om met ienage lou-klaas opgepoet te wies! Is dit nie terribul nie ... ?*

Petersen se weergawe van Kaaps word oorwegend deur ortografiese konsekwentheid gekenmerk. Enkele gevalle van dubbelspelling soos in 3.3.2 aangegee, blyk eerder aanduidend van afwisselende spreekopsies te wees as wat dit op onvaste ortografie sou dui:

3.3.2 *Gevalle van dubbelspelling*

- *Aafte 'ôl (“Rotjies”) / aafterol (As die son ondergaan, p. 24)*

- *Baieng* (“In die hart van die stad”) / *baing* (*As die son ondergaan*, p. 24)
- *Ghoed* (“Rotjies”) / *ghoet* (“In die hart van die stad”)
- *Nei* (“Rotjies”) / *nêi* (*As die son ondergaan*, p. 24) / *ny* (“Bandeloos”)
- *Onse* (“In die hart van die stad”) / *onsse* (“In die hart van die stad”)
- *Têngjoe* (“Bandeloos”, *As die son ondergaan*, p. 117) / *tenkjoe* (“In die hart van die stad”)

Soos reeds blyk uit die teksfragmente by 3.3.1, slaag Petersen ook daarin om die spontane deureenhaspeling van Afrikaans en Engels kenmerkend van Kaaps raak weer te gee.¹⁹ Hierdie spontane vervlegting van Afrikaans met Engels is in die korpus gerealiseer as hibriediese sinne met ongewysigde direkte ontlenings uit Engels (soos in 3.3.3), verafrikaansing van leksikale items en uitdrukkings wat uit Engels ontleen is (soos in 3.3.4), volksetimologiese verdraaiings van Engelse leksikale items (soos in 3.3.5) en morfologiese inbedding van Engelse ontlenings (soos in 3.3.6).

3.3.3 Hibriediese sinne met ongewysigde direkte ontlenings uit Engels

- Hier is plek vir jou *suits*. (...) Sit die *suitcase* maar hier agter die *curtain*. Dis so *untidy* as dit daar onder die bed staan. (*As die son ondergaan*, p. 35)

3.3.4 Verafrikaansing van leksikale items en uitdrukkings wat uit Engels ontleen is

- back > *bêk* (“Op Nuweland”)
- Carriage > *Kerriets* (*As die son ondergaan*, p. 25)
- Experience > *ekspeeriëns* (“Op Nuweland”)
- Hands down > *hênsdown* (“Op Nuweland”)
- Lovely violets > *Lawlie waailits* (In die hart van die stad)
- Luggage > *lakkiets* (*As die son ondergaan*, p. 24)
- Post office > *pous-offies* (“In die hart van die stad”)
- Tickets > *tikkets* (“In die hart van die stad”)
- Ups and downs > *aps-en-douns* (“In die hart van die stad”)
- Anyhow > *Ennie-hau* (“In die hart van die stad”)
- Don’t you worry > *Dount joe warrie* (“In die hart van die stad”)
- Mind you > *maaind-joe* (“Rotjies”)

3.3.5 Volksetimologiese verdraaiings van Engelse leksikale items

- Afford > *reford* (*As die son ondergaan*, p. 106)
- Expensive > *expensis* (“Rotjies”)
- Western Province > *Westenpromis* (“Op Nuweland”)

3.3.6 Morfologiese inbedding van Engelse ontlenings

- *gesettisfaid* (*As die son ondergaan*, p. 25),
- *ge-introduce* (*As die son ondergaan*, p. 71)
- *ansain* < sign on (“Rotjies”)
- *opjôin* < join up (“Rotjies”)

Die verafrikaansing van Engelse woorde en uitdrukkings soos by 3.3.4 aangedui, blyk in die prosakorpus van Petersen ’n hoër gebruikfrekwensie as die ander drie vorme van Engelse beïnvloeding te hê.²⁰

Petersen se prosatekste weerspieël voorts ’n beduidende aantal taalverskynsels wat in taalkundige werke as tipies Kaaps uitgewys word.²¹ Tipiese uitspraakverskynsels en leksikale gebruike wat in die tekste gerealiseer is, word onderskeidelik in 3.3.7 en 3.3.8 aangedui.

3.3.7 Tipiese uitspraakverskynsels

- Postvokaliese /r/-weglating:
As ek onder is, waa’ gat hy vi’ my musie gie?! (“Na sewe jaar”)
- /j/-affrisering (in sillabe-beginposisie):
 jy > djy (“In die hart van die stad”), jou > djou (“Op Nuweland”)
- /e/-verhoging:
tevrede > tevriede (“In die hart van die stad”);
verlede week > veliede wiek (“Op Nuweland”)
- /o/-verhoging:
boom > boem (“Na sewe jaar”); ook > oek, soos > soes (“In die hart van die stad”)
- Schwa-verlaging (hoofsaaklik by die morfeme *ge-* en *-ig*):
getrap > gatrap (“Op Nuweland”), gewere > gawere (“Bandeloos”)
- Hiperkorrekte stemming (/t/ > /d/):
bottel > boddel (“Bandeloos”)
- Rotasering (van ’n intervokaliese /d/):
Die Suidestem > Die Syre-stêm (“In die hart van die stad”)
- Rotasering plus nasaal-apokopee:
Hoe gaan dit > Hoe gaarit? (As die son ondergaan, p. 28)
- Palatalisasie by die verkleiningsuitgang:
oudtjie (As die son ondergaan, p. 51), biedtjie/biedtjies, voedtjie (“Op Nuweland”)
- Homorgane eindklustervereenvoudiging
frên < friend (As die son ondergaan, p. 27)
hasbin < husband (As die son ondergaan, p. 101)

3.3.8 Tipiese leksikale gebruike

- *Baieng* (vir baie) (“In die hart van die stad”)
- *Biekôds-waai* < Because why (vir “want”) (“Rotjies”)
- *Boem* (vir dagga) (“Bandeloos”)
- Geleksikaliseerde fonetiese wysigings:
 - *daai/dai* < daardie: *dai* paal (“Na sewe jaar”), *daai* wieng (“Op Nuweland”)
 - *gwaan* < go on (“Op Nuweland”)
 - *hiesa* < hierso (“Bandeloos”)
 - *hô* < hoor (“Op Nuweland”)
 - *karra* < kyk daar (“Op Nuweland”)
 - *ka-re* < kaarte (“Rotjies”)
 - *nemma* < netnoumaar (“Bandeloos”)
 - *nemmatjies* < netnoumaartjies (*As die son ondergaan*, p. 24)
 - *soema* < sommer (*As die son ondergaan*, p. 24)

Petersen se verrekening van grammatiese verskynsels en uitdrukkings kenmerkend van Kaaps is minder genuanseerd as sy verrekening van Engelse invloed, uitspraakverskynsels en leksikale gebruike. Tipiese grammatiese verskynsels en uitdrukkings wat sporadies geïnkorporeer word, word onderskeidelik in 3.3.9 en 3.3.10 aangegee.

3.3.9 Tipiese grammatiese verskynsels

- Hervatting van die onderwerp in voornaamwoordelike vorm:
Dai bôidjie wat daa’flaai-haafspeel – hy’s ’n ande’-naintien bôidjie (“Op Nuweland”)
- Redundante gebruik van graadtrapmorfeme:
Wat maak ’n man met meere geld? (“Bandeloos”)
- Die gebruik van die besitlike voornaamwoord *onse* (i.p.v. *ons*) in attributiewe posisie:
Ons het oek maa’ onse aps-en douns; Onse geld is in die pous-offies (“In die hart van die stad”)
- Die gebruik van leksikale sydelingse aanspreekvorme (i.p.v. *jj*):
“En hoe trewwel *die vrind*”, “Oe, *die vrind* gaa’ Kaap toe! Dis nais!” (Die karakter Kassiem teenoor Frans in *As die son ondergaan*, p. 26)
- Die selfstandige gebruik van *daai/dai*:
Aag wat, *daai’s* nog niks ... (“Rotjies”)

3.3.10 Tipiese uitdrukkings/tussenwerpsels

- *Alla-mistag* (vir maggies) (“Op Nuweland”)
- *Djy’s moeg* (vir “Jy sal jou wat verbeel!”) (“Op Nuweland”)

- *Djy-wiet-nê* (“Op Nuweland”)
- *Fênsie!* (< fancy): “Hulle iet hulle trommeldik ... *fênsie!*” (“Rotjies”)

Tipiese grammatiese kenmerke van Kaaps wat nie in die tekste gerealiseer nie, is onder meer die volgende:

- gebruik van die besitlike voornaamwoord i.p.v. *se* (*die Here sy genade, ma haar kombuis*)
- gebruik van *die* voor ’n straat- of pleknaam (*Hy bly in die Sky Road in die Lavis*).
- herhaling van die onbepaalde lidwoord *’n* (*Ma het ’n nog ’n brood gekoop*)
- herhaling van setsels (*Die skêr lê in die laai in*)

4. Waardebepaling van variëteitsintegrasie in die prosa van S.V. Petersen

Teen die agtergrond van die riglyne by 2 en die uiteensetting by 3 sou ten slotte gevra kon word: steek daar enige waarde in Petersen se verrekening van taaldiversiteit? Hierdie vraag wil ek puntsgewys soos volg beantwoord:

- a) Die gebruik van Standaardafrikaans en Kaaps as dominante tekstkodes blyk te rym met Petersen se eie talige arsenaal: hy inkorporeer daardie variëteite wat hy ten beste ken en moeiteloos kan beheers.
- b) Ten opsigte van variëteitsleksie is daar egter wel spore van onbenutte moontlikhede aan te toon:
 - i) Eerstens word Petersen se vaardigheid in en kennis van Overbergse Afrikaans grootliks onbenut gelaat. In sy tydskriftekste wat die Overberg, spesifiek Riversdal, as epiese ruimte het of waarin die verteller se Overbergse ondervindinge in herinnering geroep word, word daar óór persoonasies vertel, maar die persoonasies word nie tipies-Overbergse uitdrukkings in die mond gelê nie. ’n Sporadiese uitsondering in hierdie verband kry ons wanneer die Overbergse persoonasie Van Tonder in *As die son ondergaan* (p. 10) toegelaat word om op tipies-Overbergse wyse te bry: “*Migag! Maag dis dagem ’n lekker migag, nè.*”
 - ii) Ook is daar sprake van verspeelde kanse om ander taalkodes wat met mense van kleur geassosieer word, te ondervang. In *As die son ondergaan* is daar ’n konfrontasie tussen twee Kaapse Moslems (Kassiem en Salie) en ’n anonieme swart man. Die Moslempersonasies word Kaaps in die mond gelê, maar die geleentheid word verspeel om die swart persoonasie Swart Afrikaans of flaaitaal te laat praat. In die skets “Klaas Danster” wei die verteller derdepersoonnoemend uit oor die Griekwapersonasie Klaas Danster se vaardigheid om te vertel en oor sy snaakse, raak, wysgerige sêgoed. Sporadies lê hy Danster korterige uitinge gekodeer in informele standaardtaal in die mond. Sodoende verspeel hy die

geleentheid om Griekwa-Afrikaans (as subvariëteit van Oranjerivierafrikaans) as sitaatkode te benut.

- c) Ten opsigte van Petersen se aansnyding van Kaaps wil ek graag die volgende punte uitlig:
- i) Petersen se keuse om Kaaps as literêre medium in te span, getuig van waagmoed, veral as in ag geneem word dat hy sy prosa geskryf het in 'n tyd toe Standaardafrikaans – oftewel Algemeen-Beskaafde Afrikaans, soos dit toe genoem is – die Afrikaanse kode by uitstek was en 'n reeds gestigmatiseerde kode soos Kaaps óf as onafrikaans óf as substandaard afgemaak is.
 - ii) Sy gebruik van Kaaps in sy prosatekste van die veertigerjare sou gelees kon word as 'n aanduiding daarvan dat hy met die intrapslag van oordeel moes gewees het dat die teboekstelling van Kaaps as taalkode van onder meer Kaapstadse bruines, 'n primêre verantwoordelikheid van prosaïste uit bruin geledere behoort te wees.
 - iii) Betreffende Petersen se gebruik van Kaaps slegs as sitaatkode sou geredeneer kon word dat hy waarskynlik geoordeel dat die tyd nie ryp was om te eksperimenteer met die gebruik van Kaaps as vertelkode nie. Eksperimente met Kaaps as vertelkode sou eers veel later by onder meer Adam Small, Peter Snyders en Elias Nel aan bod kom.²²
 - iv) Petersen se inkorporering van linguïstiese items kenmerkend van Kaaps kan op grond van die empiries-kontroleerbaarheid daarvan en die handhawing van sosiolinguïstiese beginsels soos idiolektiese konsekwentheid en idiolektiese ooreenstemming as oorwegend outentiek aangeslaan word. Sy verrekening van Kaaps sou bestempel kon word as 'n waardige wegbereider vir die latere, waarskynlik meer gedetailleerde, pogings van Adam Small, Peter Snyders en ander.
 - v) Ook vir sy bydrae ten opsigte van die ortografiese aanpassing van gesproke Kaaps in sy prosa - 'n saak waaroor daar tot vandag toe nie eenvormigheid is nie - verdien hy 'n pluimpie. Sy ortografiese uitbeelding van Kaaps moet geplaas word naas ander latere uitbeeldingswyses soos dié van Adam Small, Peter Snyders en Anastasia de Vries.

5. Slot

Adam Small word tereg allerweë krediet gegee vir sy rol in die vestiging van Kaaps in die Afrikaanse poësie (Coetzee, 2001). In die lig van die onderhawige ondersoek is dit my oorwoë mening dat S.V. Petersen literêr gesproke krediet verdien vir sy pioniersbydrae betreffende die vestiging van Kaaps in die Afrikaanse prósa. Vanuit die gesigpunt van die Variasietaalkunde verdien Petersen erkenning vir sy relatief genuanseerde teboekstaving van die linguïstiese karakter van Kaaps soos gebesig

rondom die 1940's. Daarmee het hy 'n funksie verrig wat deur vroeëre taalkundiges, moontlik om ideologiese redes, grootliks nagelaat is. Ek sou wou hoop dat hierdie bydrae sal help om te verseker dat S.V. Petersen, soos Small en Snyders, eervol vermeld sal word wanneer daar vorentoe oor die literêre verrekening van niestandaardvariëteite in die algemeen en van Kaaps in die besonder besin word.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bibliografie

Primêre bronne: tekste van S.V. Petersen

Petersen, S.V. 1946. *As die son ondergaan*. Port Elizabeth/Kaapstad: Unie-Volkspers Bpk. Kortkustekste van S.V. Petersen, gepubliseer in die tydskrif *Die Naweek*:

- “Rotjies” (25 Maart 1943)
- “Sommer mymering” (29 Maart 1943)
- “Tounie van die Onderland” (1 Julie 1943)
- “Ek probeer goed doen” (4 November 1943)
- “Ek word diaken” (25 November 1943)
- “Dorpenaars” (9 Desember 1943)
- “Bandeloos” (14 Oktober 1943)
- “Na sewe jaar” (10 Februarie 1944)
- “Herinnering” (2 maart 1944)
- “Hennie Bloubok” (23 maart 1944)
- “Klaas Danster” (29 Junie 1944)
- “Op Nuweland” (16 Augustus 1945)
- “In die hart van die stad” (27 September 1945)

Sekondêre bronne

Barnes, Lawrie. 2001. Boeptaal: Suid-Afrikaanse bargoens. In: Carstens, Adelia en Heinrich Grebe (reds.). 2001. *Taallandskap: Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Botha, T.J.R. (red.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Tweede, hersiene uitgawe*. Pretoria: Academica: 412-435.

Brynard, K. 'n Taal met baie tonge. *De Kat*, April 1988: 26-30.

Carstens, Adelia en Heinrich Grebe (reds.). 2001. *Taallandskap: Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Carstens, W.A.M. 2003. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. (Vierde uitgawe) Pretoria/Kaapstad: Academica.

- Claasen, G.N. en M.C.J. van Rensburg (reds.)** 1983. *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria/Kaapstad: Academica.
- Coetzee, Ampie.** 2001. Small het Kaaps in Afrikaanse poësie gevestig. *Die Burger*, 5 November 2001, p.11. <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2001/11/05/11/1.html>. Toegang: 5/10/2011.
- De Vries, Anastasia.** 2006. Kaaps, taal van my HART. *Perspektief, Rapport*, 23 Julie 2006.
- De Vries, Anastasia.** 2010. *Baie melk en twee sykers*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- De Wet, A.S.** 1993. Swartafrikaans as niestandaardvariëteit van Afrikaans. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 18: 170-188.
- Du Plessis, Hans.** 1987. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva Uitgewers.
- Du Plessis, Hans en Theo Du Plessis (reds.)**. 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM.
- Du Plessis, Theo.** 1992. Veranderende opvattinge rondom Afrikaans sedert die sewentigerjare. In: Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans ná Apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Ester, Hans.** 2000. Sydney Vernon Petersen: Riversdal 22 junie 1914 – Kaapstad 30 oktober 1987. In: *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde*, 2000. dbnl, 103-109. http://www.dbnl.org/tekst/_jaa003200001_01_jaa003200001_01_0007.php
- Fourie, J.J. en Du Plessis, H.** 1987. Aspekte van die Afrikaans van Riemvasmakers. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 5(2): 46-60.
- Gouws, Rufus en Ilse Feinauer (samestellers)**. 1998. *Sintaksis op die voorgrond*. Pretoria: Van Schaik.
- Hager, Hetta (Uitgewer/samesteller)**. s.j. *Afrikaanse kloek-goed*. (Gedruk deur ProPrint, Kimberley).
- Hager, Hetta (Uitgewer/samesteller/verspreider)**. s.j. *Kloekgoed Twee*. (Gedruk deur ProPrint, Kimberley).
- Haugen, E.** (1974). 'Dialect, Language, Nation'. In: Pride, J.B. & Holmes, J. *Sociolinguistics*. Harmondsworth: Penguin Education: 97-111.
- Hendricks, F.S.** 1978. 'n *Sinchronies-diachroniese studie van die taalgebruik in die drama Kanna hy kô hystoe van Adam Small*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland.
- Hendricks, F.S.** 1996. Kaaps: afwisseling met Engels is spontaan. *Afrikaans Vandaag*, September 1996: 8-9.
- Hendricks, F.S.** 2008. Die inkorporering van taalvariëteite in die kortkunstekste van Swart Afrikaanse skrywers. (Lesing gelewer by die KKNK te Oudtshoorn, 24 Maart)
- Hendricks, F.S.** 2010. *Op die taalspore van S.V. Petersen: 'n blik op sy verrekening van taaldiversiteit*, ongepubliseerde referaat gelewer tydens 'n simposium oor die Lewe en Werk van die skrywer S.V. Petersen op 5 November 2010 aan die Universiteit van Wes-Kaapland.
- Jongbloed, Zeldá.** 1984. Die lewe en wêreld van S.V. Petersen. *Rapport*, 01.04.1984: 3.

- Kotzé, E.F.** 1984. Afrikaans in die Maleierbuurt: 'n Diachroniese Perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 24(1): 41-73.
- Kotzé, Ernst.** 2001. 'n Perspektief op diachroniese prosesse in Afrikaans. In: Carstens, Adelia en Heinrich Grebe (reds.). 2001. *Taallandskap: Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers: 103-111.
- Lake, A.S.** 1962. Bekende Kleurling-digter se vader sê: "Ek is blank – my pa was 'n Sweed." *Die Landstem*, 8 September 1962.
- Nel, Elias P.** 1998. *Iets goeds uit Verneukpan?* Kaapstad: Tafelberg.
- Nel, Elias P.** 2001. *Mafoïing en annerlike gelofetjies*. Kaapstad: Tafelberg.
- Pokpas, Larry.** 1985. Afrikaans en Gemeenskapspublikasies. In: Smith, Julian F., Alwyn van Gensen en Hein Willemse (reds.). 1985. *Swart Afrikaanse Skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26 – 27 April 1985*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland: 40-51.
- Ponelis, F.A.** 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In: Du Plessis, Hans en Theo Du Plessis (reds.). 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM.
- Scholtmeijer, Harrie.** 2008. Hoe staat het met het Nederlandse dialect? In: Van der Sijs, Noline, Jan Stroop en Fred Weerman. 2008. *Wat iedereen van het Nederlands moet weten en waarom*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker: 211-219.
- Schuring, G.K.** Die basiek van Flaaitaal. In: Sinclair, A.J.L. (red.). 1981. *LVSA: Kongresreferate*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland: 343-353.
- Smith, Julian F., Alwyn van Gensen en Hein Willemse (reds.).** 1985. *Swart Afrikaanse Skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26 – 27 April 1985*. Universiteit van Wes-Kaapland: Bellville.
- Van de Rheede, I.** 1985. Kaapse Afrikaans: 'n sosio-politieke perspektief. In: Smith, Julian F., Alwyn van Gensen en Hein Willemse (reds.). 1985. *Swart Afrikaanse Skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26 – 27 April 1985*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland: 34-39.
- Van der Ross, R.E. (ed.).** 1990. *Say it out loud. The APO Presidential addresses and other major political speeches 1906-1940 of Dr Abdullah Abdurahman*. Bellville: University of the Western Cape.
- Van Rensburg, Christo (red.).** 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, Christo (red.).** 1998. Oor skakelwerkwoorde. In: Gouws, Rufus en Ilse Feinauer (samestellers). 1998. *Sintaksis op die voorgrond*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1989. Soorte Afrikaans. In: Botha, T.J.R. (red.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Tweede, hersiene uitgawe*. Pretoria: Academica.
- Van Schalkwyk, D.J.** 1983. *Fonetiese taalgebruik in die taal van die Rehoboth-Basters*. D.Litt.-proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Van Wyk, E.B.** 1983. Gepidginiseerde Afrikaans. In: Claasen, G.N. en M.C.J. van Rensburg (reds.) 1983. *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria/Kaapstad: Academica.

- Van Wyk, Steward.** 2008. S.V. Petersen se tydskrifverhale. *Litnet Akademies* 5(1): 43-57. www.oulitnet.co.za/newlitnet/pdf/la/LA_5_1_vanwyk.pdf Toegang: 12.08.2009.
- Webb, V.N.** 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. In: Botha, T.J.R. (red.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Tweede, hersiene uitgawe.* Pretoria: Academica.
- Willemsse, Hein.** 2010. S.V. Petersen in dialoog met sy intellektuele en sosiale omgewing. *Tydskrif vir Letterkunde* 47 (2): 31-47.
- Willemsse, Hein, Marion Hattingh, Steward van Wyk en Pieter Conradie.** 1997. *Die reis na Paternoster. 'n Verslag van die tweede swart Afrikaanse skrywersimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995.* Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Wissing, Daan (red.).** 1994. Khoekhoe en Afrikaans in gesprek: G.S. Nienaber. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde, Supplement* 21. Junie 1994.

Note

1. Hierdie bydrae is gebaseer op my gelyknamige referaat gelewer tydens 'n simposium oor die Lewe en Werk van die skrywer S.V. Petersen op 5 November 2010 aan die Universiteit van Wes-Kaapland (Hendricks, 2010).
2. 'n Opmerking deur Petersen teenoor die joernalis Zelda Jongbloed in 1984 (d.i. drie jaar voor sy dood) is in hierdie verband ter sake: "Ek skryf g'n prosa nie. Enige swaap kan prosa skryf."
3. Die begrip "kortkunstekste" word hier gebruik ter aanduiding van prosatekste soos kortverhale, vertellings en anekdotes, d.w.s. prosatekste van kleiner omvang as die roman en die novelle.
4. Die begrip "Swart Afrikaanse Skrywers" word hier gebruik ter aanduiding van skeppende skrywers wat generies swart is en afkomstig is uit die geleedere van Suid-Afrikaners wat in vorige regimes sosio-polities gemarginaliseer is en wat Afrikaans as literêre medium inspan. 'n Ideologiese fundering van hierdie begrip en van die verbandhoudende begrip "swart Afrikaanse skryfwerk" word verskaf in Smith et al. (1985: iii-v) en Willemsse et al. (1997: 31-76).
5. Suidwestelike Afrikaans oftewel Kaapse Afrikaans is in aansluiting by Ponelis (1987: 9) te omskryf as daardie Afrikaanse dialektbundel wat (in onderskeiding van die dialektbundels Noordwestelike Afrikaans en Oostelike Afrikaans) in die Kaapse Skiereiland, die Boland en Noord-Boland, die Sandveld, die Swartland, die Overberg en die Klein Karoo voorkom.
6. Oranjerivierafrikaans (en die subvariëteite daarvan), Swart Afrikaans en Flaaitaal word onderskeidelik toegelig in eindnote 12, 13 en 14.
7. Hierdie riglyne wat ek ontwikkel het vir die derdejaarmodule Kontekstuele taalkunde aan die Universiteit van Wes-Kaapland, het ek geïnkorporeer in twee lesings oor taalvariëteite wat ek onderskeidelik aangebied het by die KKNK te Oudtshoorn in 2008 en aan die Universiteit van Hasselt, België in 2009.
8. Webb (1989: 427-429) en Carstens (2003: 287-288) toon dat Standaardafrikaans as bowestreekse en algemeen-gebruiklike variëteit gedifferensieer is en uiteenval in drie soorte, t.w. Formele Standaard-Afrikaans (FSA), Informele Standaard-Afrikaans (ISA) en Superstandaard-Afrikaans (SSA). Die onderskeidende aard van hierdie drie subvariëteite is soos volg:

